# *Fisiese Beplanning in die Tuislande* — L.K. van Gass —

## 1. Inleiding

Die ontwikkeling van die Bantoetuislande is van kardinale belang vir die ordelike voortbestaan van die mense van Suidelike Afrika, en om van hierdie ontwikkeling 'n sukses te maak sal beplanners 'n al hoe belangriker rol moet speel.

Van die Tuislande in die Republiek is dit nog net die Swazi- en Suid-Ndebele-tuislande wat nie selfregering het nie. In die geval van Kwa-zulu het hulle reeds die eerste stadium van selfregering bereik met 'n Wetgewende Vergadering en Uitvoerende Raadslede as politieke hoofde van departemente, terwyl die administratiewe hoofde van departemente direkteure genoem word.

In die geval van al die ander Tuislande in die Republiek het hulle reeds die tweede fase van selfregering bereik, nl., met 'n Wetgewende Vergadering en Ministers en Sekretarisse as respektiewelik politieke en administratiewe hoofde van departemente.

In S.W.A. het Owambo, Kavango en Oos-Caprivi reeds selfregering, terwyl die ander Tuislande daar nog nie daardie stadium bereik het nie.

Die Transkei is reeds die verste gevorder op die gebied van konstitusionele ontwikkeling en nader nou reeds die stadium van volle onafhanklikheid.

## 2. Organisasie vir Beplanning in die Tuislande

Daar bestaan reeds vir baie jare 'n groot aantal instansies wat in die Tuislande beplanning doen. Hierdie beplanning het in die verlede hoofsaaklik op 'n ad hoc-basis en van buite af geskied. Met die konstitusionele ontwikkeling wat in die Tuislande plaasgevind het, het hierdie prentjie egter heelwat verander, en vandag is die meeste van die Tuislande reeds verantwoordelik vir hulle eie beplanningsaksies, met sekere uitsonderings. In die geval van die Tuislande wat reeds selfregerend is, word die beplanningsaksie verdeel onder die verskillende staatsdepartemente van die Tuisland. Die volgende departemente word gewoonlik by die Tuislande gevind:

1. Dept. van die Hoofminister en van Finansies;
2. Dept. van Binnelandse Sake: beheer dorpe en grondsake
3. Dept. van Justisie — regeringsaangeleenthede;
4. Dept. van Onderwys;
5. Dept. van Werke: paaie, geboue, ens.;
6. Dept. van Landbou en Bosbou.

By sommige is daar ook nog ander departmente, soos Gesondheid en Ekonomiese Sake.

By die meeste Tuislande is daar ook 'n beplanningskomitee wat moet sorg vir behoorlike koördinasie van die beplanningsaksie en om die Tuislandkabinet van advies te bedien oor beplanningsaangeleenthede. Hierdie beplanningskomitee kan in die kleine vergelyk word met die Beplanningsadviesraad van die Eerste Minister.

## 3. Ander Instansies Gemoeid met Beplanning

### 3.1 *Departement van Bantoe-Onderwys*

Soos die naam aandui is hierdie departement verantwoordelik vir onderwysaangeleenthede, en alhoewel die Tuislande 'n eie Departement van Onderwys het, dien die sentrale departement as adviesliggaam vir die Tuislande. Die departement bepaal ook die oorhoofse onderwysbeleid en dien in sekere gevalle as eksaminerende liggaam.

Hierbenewens is die departement ook verantwoordelik vir hoër onderwys en vir Bantoe-onderwys in die Blanke gebiede.

### 3.2 *Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling*

Die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling is al 'n staatsdiens binne 'n staatsdiens genoem omdat alle afdelings van die Staatsdiens ook binne die departement aangetref word. Die departement is onderverdeel in 'n aantal takke, onder andere:

(a) ***Finansies,*** wat verantwoordelik is vir die beheer van die Suid-Afrikaanse Bantoe-trustfonds, die nasien en kontrolering van begrotings van die Tuislandregerings, ens.

(b) ***Bantoesake-Administrasie,*** wat sake soos arbeid, vestiging en behuising, sport en ontspanning, ens., behartig.

(c) ***Departementele Administrasie,*** wat onder andere personeelaangeleenthede behartig en afdelings vir dataverwerking, regsaangeleenthede en die bewysburo bevat.

(d) ***Landbou-Adviesdienste,*** wat, soos die naam aandui, hoofsaaklik ingestel is op advieslewering aan die Tuislande ten opsigte van landbou- en bosbouaangeleenthede.

(e) ***Ontwikkelingswerk,*** waar die verskillende professionele dienste, soos argitekte, siviele ingenieurs, elektrotegniese en meganiese ingenieurs, landmeters en stadsbeplanners, saamgetrek is.

(f) ***Gemeenskapsake,*** wat verantwoordelik is vir staatkundige ontwikkeling, d.w.s., alle konstitusionele aangeleenthede sowel as skakeling met Tuislandregerings en maatskaplike ontwikkeling wat sake soos die beheer van kinderhuise, ouetehuise en welsynsdienste insluit.

(g) ***Tuislandgrondgebiede,*** wat uit drie hoofafdelings bestaan, nl.:

i) *Grondsake,* wat te doen het met die aankoop en registrasie van grond vir die Tuislande, permitte, die bestuur van dorpe, ens.

ii) *Navorsingsafdeling,* wat as sekretariaat dien vir vir die Komitee Insake Navorsing oor Bantoe-ontwikkeling (KINOB) wat alle navorsing oor Bantoe-ontwikkeling moet koördineer en self ook navorsingprojekte kan uitbestee en fondse vir die doel beskikbaar stel.

iii) *Beplanning,* wat verantwoordelik is vir die bepaling van die Tuislande se potensiaal sowel as vir streeksbeplanning in die Tuislande.

### 3.3 *Die Ontwikkelingskorporasies*

Die korporasies, nl., die BBK, XOK en BMK as vooginstellings van die sentrale regering, funksioneer elkeen onder sy eie doelstellings. Die BBK behartig en bevorder die ontwikkeling van handel, nywerheid, vervoer, landbou en finansiering in al die Tuislande in die Republiek en Suidwes-Afrika (uitsluitend die Transkei en die Ciskei) sowel as die spaarbankfunksie in al die Tuislande.

Die Xhosa-Ontwikkelingskorporasie behartig dieselfde funksies as die BBK (met uitsluiting van die spaarbankfunksie) in die Transkei en die Ciskei.

Die Bantoe-Mynboukorporasie is verantwoordelik vir prospektering en mynbou-ontwikkeling in al die Tuislande, insluitende die in S.W.A.

Die nuutste rigting waarin die korporasies ontwikkel is dat Volkskorporasies vir elke van die groter Tuislande ingestel sal word wat min of meer dieselfde funksies as die BBK vir daardie bepaalde Tuisland vervul.

### 3.4 *Ministerie en Bantoesakekommissie*

Die twee sentrale staatsdepartemente sowel as die korporasies staan natuurlik onder die Minister van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling en Bantoe-Onderwys en drie Adjunkministers. Die Ministerie word bygestaan deur die Bantoesakekommissie as statutêre liggaam in 'n adviserende hoedanigheid. Afgesien van ad hoc-sake lopende deur die jaar bied die Kommissie ook sy jaarlikse strategie-advies binne die raamwerk van die volgende strategiese dimensies, nl., nywerhjeidsontwikkeling

en desentralisasie, arbeidskanalisering en opleiding, dorpstigting en behuising, vervoerdienste, bestedingsprogrammering, landbou en owerheidsaktivering. Die kommissie word deskundig bedien deur 'n Landbou- en 'n Ekonomiese Komitee waarby deskundiges van buite betrek word. Vir die doeleindes van hierdie adviesfunksie lewer die Buro vir Ekonomiese Navorsing insake Bantoe-Ontwikkeling (BENBO) ook 'n belangrike bydrae.

### 3.5 *Ander Instansies*

Daar is natuurlik nog heelwat ander departemente en liggame wat beplanning in die Tuislande moet doen uit die aard van hulle werksaamhede, bv., die Departement van Poswese met die beplanning van poskantore en telefoondienste, die Spoorweë, EVKOM, Waterwese, Veeartsenykundige Dienste, Provinsiale Administrasies vir sekere paaie en in sommige gevalle Natuurbewaring, ens.

## 4. Die Huidige Stand van Beplanning in die Tuislande

Soos reeds aangedui is die funksie van beplanning reeds in die geval van die meeste van die Tuislande aan hulle oorgedra en dit is hier waar die Beplanningskomitees 'n baie belangrike rol speel. Hierdie komitees is verskillend saamgestel in die verskillende Tuislande maar bestaan gewoonlik uit die Sekretarisse van die Tuislanddepartemente as vaste lede met verteenwoordigers van die BBK of XOK, BMK, BENBO en die streeksbeplanners van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling as gekoöpteerde lede op die komitee. Die Tuislandkabinet en die Kommissaris-Generaal woon ook die vergaderings by as waarnemers.

Op aanbeveling van byna al die Tuislandbeplanningskomitees het die kabinet van die meeste van die Tuislande die Minister van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling versoek dat sy departement hulle Tuisland behulpsaam moet wees met die opstel van nasionale planne en streeksplanne vir ontwikkelingstreke. Hierdie taak is dan ook aan die Departement se Afdeling Beplanning opgedra en hulle is reeds daarmee besig.

Die Eerste Minister het reeds by verskeie geleenthede die belangrikheid van goeie buurskap in Suidelike Afrika beklemtoon. Om goeie buurskap te bevorder, is beplanning op interstaatlike vlak ook noodsaaklik. Beplanning op hierdie vlak kom neer op 'n multinasionale plan vir Suidelike Afrika wat die Blanke gedeelte van die Republiek sowel as die Tuislande en buurstate betrek. Hierdie beplanning kan nou al vir die Republiek en sy Tuislande gedoen word en mettertyd daartoe lei dat 'n multinasionale plan vir Suidelike Afrika tot stand kom. Voorbeelde van sulke beplanning is die opbou van 'n handelsblok in Suidelike Afrika, wat insluitend is van ooreenkomste ten opsigte van doeane en aksyns en van tariefvoorkeure, dan ook nog toeristereëlings, infrastruktuurskepping op 'n multinasionale basis, ens. Dit is belangrik dat in die beplanningsnavorsing gekyk sal word na welke aangeleenthede by so 'n plan betrek behoort te word, sodat die Tuislande nie in isolasie beplan en ontwikkel sal word nie maar dat veelvolkige ontwikkeling tot sy logiese uiteinde gevoer kan word. Ewewigtige ontwikkeling en beplanning is dus daarvoor nodig. In die eerste instansie sal dit die taak van die Departement van Beplanning wees om hierdie multinasionale beplanning te behartig maar die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling sal 'n belangrike rol moet speel in soverre dit die Tuislande aangaan.

Die tweede vlak waarop beplanningsnavorsing moet plaasvind is op nasionale vlak, met ander woorde doelwitte en beleid wat vir 'n bepaalde Tuisland sal geld en wat moet inskakel by die multinasionale plan. Hierdie doelwitte en beleid het betrekking op die sosiale en ekonomiese ontwikkeling waaruit fisiese ontgwikkelingskonsekwensies van die Tuislande voortvloei en waarby politieke doelwitte baie nou inskakel en selfs oorheersend is. Sosiale doelwitte sluit onder andere in die ontwikkeling van mensepotensiaal, die skep van sosiale veiligheid en welvaart, opvoeding, ens., terwyl ekonomiese doelwitte insluit die bevordering van die groei van die bruto nasionale produk, die skep van werkgeleenthede, die verhoging van private inkomste, die aanmoediging van private ondernemers, die ontwikkeling van natuurlike hulpbronne, die bevordering van die optimale verspreiding van ekonomiese aktiwiteite, ens. Aangesien hierdie beplanning vir die Tuislande gedoen word, sal die Tuislande se politieke doelwitte baie deeglik in berekening gebring moet word.

Die derde vlak van streeksbeplanning is die planne wat opgestel word vir ontwikkelingstreke wat afgebaken is in die nasionale plan. Hierin word die doelwitte en beleid wat vir die multinasionale plan en nasionale plan gestel is ingewerk. Hierdie plan word in detail opgestel en sluit aspekte soos landbou, bosbou en ander natuurlike bronne, nywerhede, handel, infrastruktuur, ens., in. Die vierde vlak van beplanning kan in twee afdelings verdeel word, nl., eerstens verdere streeksbeplanning of projekplanne soos, byvoorbeeld, die opstel van planne vir toerisme, en tweedens detail-konstruksieplanne vir die bou van 'n dam, belyning van 'n pad of spoor, oprigting van 'n skoolgebou, ens.

Dit is dan kortliks die taak waarmee ons besig is. Dit is 'n taak wat spoedeisend is, want dit is die regering se beleid dat die Tuislande so vinnig as moontlik binne hulle vermoë moet ontwikkel. Daarmee word nie beweer dat beplanning vinnige ontwikkeling gaan meebring nie, want beplanning is, per slot van sake, nie ontwikkeling nie. Ons moet egter gereed wees vir ontwikkeling deur betyds die regte basis te skep vir die toekoms. Dit is ook 'n taak wat nooit afgehandel kan word nie omdat daar gedurig veranderinge en vernuwing plaasvind waarvan kennis geneem moet word. Dit kom dus daarop neer dat dit 'n langtermyn-taak is waarvan die eerste stadium so vinnig moontlik afgehandel moet word.

Om hierdie taak in al 17 Tuislande aan te pak eis natuurlik 'n geweldig groot organisasie met baie personeel. Omdat die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling nie oor voldoende opgeleide streeksbeplanners beskik om die taak alleen aan te pak nie, word daar gebruik gemaak van universiteite en konsultante om behulpsaam te wees met navorsing in bepaalde Tuislande. So, bv., het 'n konsultant fisiografiese opnames in verskeie Tuislande gedoen waarop verdere beplanningswerk gedoen kan word.

Die beplanningsafdeling van die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling is egter verantwoordelik vir die finale opstel van die verskillende planne sowel as vir skakeling tussen universiteite en konsultante aan die een kant en die Tuislandregerings aan die ander kant. Hierbenewens onderneem die Departement ook self die navorsing in sommige van die Tuislande.

Die Afdeling Beplanning is ook verantwoordelik vir ad hoc-ondersoeke in verband met die uitsoek van dorpsterreine, die toekenning van prospekteer- en mynregte, die hervestiging van mense uit swart kolle en advieslewering oor beplanningsaangeleenthede aan die beplanningskomitees van die Tuislande.

Op die huidige stadium is daar nog geen nasionale planne voltooi nie, maar daar word gehoop om teen die einde van 1975 gidsplanne wat sal lei tot 'n nasionale plan vir die Transkei en Kwazulu gereed te hê. Sekere gidsplanne vir streeksontwikkeling van dele van Tuislande, bv., Bophutswana en Ciskei, behoort ook gedurende die jaar voltooi te word.

Gedurende die hele proses van beplanning, nl., opname, analise en sintese en die daarstelling van die plan, word daar ten nouste geskakel met die Tuislandregerings en hulle amptenare. Die beginsel van beplan *met* en nie *vir* die Tuislandbevolking nie word deurgaans gehandhaaf. Nadat planne in die vorm van 'n verslag voltooi is, word dit aan die beplanningskomitee van die betrokke Tuisland voorgelê, wat dit dan bespreek en na goeddunke kan wysig, waarna 'n aanbeveling vir aanvaarding aan die Tuislandkabinet gemaak word.

Wanneer die kabinet 'n plan aanvaar het, dien dit as gids vir al die departemente sowel as die ontwikkelingskorporasies in daardie Tuisland by die opstel van begrotings en die uitvoering van bepaalde projekte.

Omdat beplanning egter steeds 'n dinamiese proses is, sal hierdie planne gereeld hersien en aangepas moet word, en beplanningsnavorsing sal dus op 'n deurlopende basis moet geskied en steeds meer verfynd moet word.

Dit word in die vooruitsig gestel dat die insameling van data vir beplanningsdoeleindes sowel as die werklike navorsing en beplanning al meer en meer vanaf die Departement van

Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling en die ander instansies wat gemoeid is met beplanning in die Tuislande na die Tuislandregerings sal verskuif.

Die Tuislande sal dus elk hulle eie beplanningsafdelings of -departemente moet instel en uitbou. Hiervoor is natuurlik opgeleide beplanners nodig, en aangesien daar nog geen Bantoebeplanners beskikbaar is nie, sal die Tuislande nog vir 'n aantal jare afhanklik wees van ander beplanners tot tyd en wyl van hulle eie mense beskikbaar word as beplanners. In dié verband kan genoem word dat die Universiteit van Fort Hare reeds besig is met 'n ondersoek na die moontlikheid om 'n kursus vir stads- en streeksbeplanners in te stel.

Ons moet egter versigtig wees om nie te poog om hierdie beplanningstaak op ons eie aan te pak nie. Beplanning het in die moderne tyd so gekompliseerd geraak dat dit byna onmoontlik geword het vir 'n enkele professie of dissipline om dit op sy eie te doen. Dit raak al hoe belangrikker dat ander professies en dissiplines by die proses van beplanning ingeskakel word. So het die ekoloog, die volkekundige, die sosioloog, die ekonoom, die ingenieur en dies meer elkeen 'n belangrikke rol om te speel. Dit is dan die taak van die beplanner om te sorg dat die kennis van elke van hierdie deskundiges in die beplanningsproses tot sy reg kom. Dit is dan ook die beleid van die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling om te sorg vir multidissiplinêre samewerking in die daarstelling van streeksplanne om sodoende die vier aspekte van die departement se ontwikkelingsbeleid, nl., 1) menseontwikkeling, 2) ekonomiese ontwikkeling, 3) staatkundige ontwikkeling en 4) fisiese ontwikkeling, tot hulle reg te laat kom.